NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 21 November 2021

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

SnapScan

Snap here to pay

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word vanoggend 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.

Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees.
https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09
Meeting ID: 838 0444 7977 Passcode: 691201

NAGMAAL:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Johannes 18:33-40
Tema:	Die handtekening van God

Liewe Gemeente

Aan die einde van Koninkrykstyd besin ons saam oor wat dit beteken om 'n navolger van Christus te wees. In aanloop tot Advent kom ons opnuut onder die indruk van Christus se koms na die wêreld en hoe Sy geboorte die begin van 'n nuwe era vir die hele mensdom is. Vandag staan bekend as "Christus die Koning-feesdiens". Hoe lyk dié Koning en wat is waarheid?

Ons moes die afgelope maande verskeie van ons aktiwiteite aanskuif na 2022. Ons moes vandag die Gedenkdiens vir afgestorwenes gehou het. Ons hoop dat ons in 2022 twee geleenthede hieromheen kan vier, nie net hier nie, maar ook by Huis Luckhoff. Van ons lidmate is oorlede en ons kon geen roudienste vir hulle hou nie. Ons wil dus volgende jaar iets besonders daarvan maak. Die "roudienste" vervang nie die gedenkdiens vir afgestorwenes (6 Nov 2022) wat ons saam met InVia gaan aanbied nie. Die somersaand (15 Nov) en Kerssangdiens (12 Des) saam met die VG Gemeente, is deur hulle gekanselleer. Daar is dus nie op 12 Desember 07:30 Nagmaal nie. Let ook nou reeds op na ons eredienste oor die Kerstyd. Ons Kersdagdiens is 09:00 op 25 Desember. Daar sal egter geen erediens Sondag 26 Desember en Dinsdag 28 Desember (Huis Lückhoff) wees nie. Die Oujaarsdiens is Vrydag 31 Desember om 18:00 by Huis Lückhoff.

Ek neem verlof vanaf 29 November tot 12 Desember. Tiaan Pretorius sal in dié tyd vir my instaan. Hy sal gedurende die twee weke voltyds beskikbaar wees en al die verantwoordelikhede rondom die gemeentebediening waarneem.

Sy kontakbesonderhede: e-pos: *tiaanpre11@gmail.com* Sel: 072 547 8589

Groete

Dr Johan van den Heever

Bydraes vir November 2021

Tiende-maand: R102 631
(Mikpunt: R120 000)
Erediensoffers: R 1 806
(Mikpunt: R12 000)

Ons sluit vandag ons Tiende-maand af op met ons Nagmaal.

Dis Tiende-maand:
Het jy dalk iets ekstra?

Oktober is tradisioneel Tiende-maand Dankoffer. In ons gemeente het ons egter die gebruik om gedurende November die insameling te doen. Ons wil graag weer hierdie jaar poog om iets groots daarvan te maak.

Gebedsversoeke

Ds Ferdie Postma, Huis Piet du Toit
Trudi Faber, Huis Piet du Toit
Shadé Gabriels, Kingsbury Park Woonstelle
Flippie Vivier, Panorama Hospitaal

Laat weet gerus die kerkkantoor indien jy van iemand weet wat 'n besoek of gebed benodig.

Die Huiskomitee by Huis Lückhoff is op soek na 'n tweedehandse laptop, waarmee hulle flieks kan wys. Die minimum vereistes is dat die laptop 'n HDMI poort en "graphics" kaart moet hê.
Indien jy een het wat jy aan hulle wil skenk, kontak gerus die Kerkkantoor.

Baie Geluk Met Jou Verjaardag

Neline Theron	21 Nov
Susanna Rabe	23 Nov
Johannes Muller	27 Nov
Michael Stronach	27 Nov

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE MAAND

23 November
09:30 Lewende Woord Bybelstudie (Freanweg 15, Rondebosch)
15:00 Grosvenor-besoek
18:00 Steundienste-vergadering
24 November
18:00 Dieper Delf Bybelstudie
25 November
10:00 Moria Bybelstudie
19:00 Kerkraadsvergadering
27 November om 09:00
Gebedsimfonie by gebedshuise:
Laat weet asb waar jy gaan bywoon:

- **Gielie en Miemie Vermeulen**
  Kromboomweg 55,
  Rondebosch-Oos
  021 697 2352
- **Johann en Ina du Toit (10:00)**
  Freanweg 15,
  Rondebosch
  021 685 6825
- **Dr Johan en Ansie vd Heever**
  Argyleweg 9,
  Rondebosch
  021 686 6272

28 November
Deuroffer: Teologiese Kweekskool

Interkerklike Saamkuier Geleentheid

Almal word uitgenooi om 25 November om 10:00 saam by Freanweg 15, Rondebosch te kom kuier.
Mans en vroue welkom.
Dit is net 'n informele saamkuier geleentheid en ook die laaste een vir hierdie jaar.
Hoop ons sien jou daar.

3 Desember
Lasagne en
Malva Poeding met vla
Ondersteun ons laaste fondsinsamelings vir die jaar.
Plaas solank jou bestelling by die kerkkantoor.
Dit is weer bestel en kom haal.

InVia - Kerssangdiens 2021

Kom woon gerus ons in-persoon Kerssangdiens by op 5 Desember 2021!

Daar sal **kinderaktiwiteite** vir jong kinders (± 3-10 jaar) wees.
Babakamer beskikbaar.

Goedgemanierde **dierekinders** is ook welkom. Hou hulle asb. aan 'n leiband asb en maak asb. Skoon agter hulle..
Ons bedien voor en na die diens lekker **koffie**.
Registreer asseblief sodat ons COVID-19 regulasies kan nakom.
https://www.inviakaapstad.org/kalender/kerssangdiens-5-des-2021

Huis Lückhoff
KERSSANGDIENS
28 November 2021
om 18:00
Almaweg 42, Rosebank

Ons gaskunstenaar vir die aand is
Marcé Underwood.
Kom geniet 'n mooi sang- en musiek-aand saam met ons. Dit beloof om 'n baie mooi geleentheid te wees.

NG Gemeente Rondebosch
KERSSANGDIENS
28 November 2021 om 10:00
Derryweg 2, Rondebosch

Ons gaskunstenaar vir die oggend is
Marcé Underwood.

Kom geniet 'n mooi sang- en musiek-oggend saam met ons en nooi iemand saam.

Ons hou weer Koffie-kaffee ná die diens. Kom ondersteun ons.
Registreer hier vir ons erediens:
https://www.ngrondebosch.com/covid-19.html